**“Saamnaatmaakmaat”: Skrywer–leser-verstrengeling en poëtiese wording in Breyten Breytenbach se latere werk**

**“Saamnaatmaakmaat”:Writer–Reader Entanglement and Poetic Becoming in Breyten Breytenbach’s Later Work**

**Annika van der Linde**

Hierdie referaat ondersoek Breyten Breytenbach se latere poëtika as ’n relasionele praktyk van skrywer–leser-verstrengeling, waarin betekenis, bewussyn en subjektiwiteit nie vooraf bepaald is nie, maar intra-aktief tot stand kom binne die handeling van skryf en lees. Deur die stiplees van geselekteerde gedigte en metapoëtiese fragmente uit *die na-dood* (2016) en *op weg na kû* (2019) word aangetoon hoe Breytenbach die binêre onderskeiding tussen outeur en leser, subjek en objek, aktief ondermyn.

Die referaat plaas Breytenbach se poësie in gesprek met internasionale teoretiese en filosofiese raamwerke—onder meer Roland Barthes se opvatting van die teks as weefsel, Zen-Boeddhistiese denkpatrone oor leegheid en nie-self, en kontemporêre relasionele begrippe soos verstrengeling en intra-aksie. In hierdie lig funksioneer die gedig nie as representasie van ’n innerlike bewussyn nie, maar as membraan of instrument waarin skrywer en leser mekaar wederkerig “skryf”.

Aandag word veral gegee aan Breytenbach se herhaaldelike aanspreek van die leser as “beminde”, “lees-engel” en uiteindelik as “Saamnaatmaakmaat”—’n figuur wat die leser posisioneer as medeskepper in die aktualisering van betekenis en in die poëtiese benadering tot leegheid en sterflikheid. Hierdie lotsverstrengeling word ook belig vanuit Breytenbach se gebruik van beelde soos naaiwerk, gare, wondtoewerk en labirintiese beweging, wat die lees- en skryfhandeling voorstel as ’n gedeelde, meditatiewe praktyk.

Die referaat posisioneer Breytenbach dus binne ’n breër interkulturele en filosofiese konteks as ’n digter wat subjektiwiteit nie verstaan as oorsprong nie, maar as relasionele proses. Hiermee word bygedra tot huidige debatte oor liriese subjektiwiteit, relasionele netwerke en Zen-Boeddhistiese verwysingsraamwerke in Breytenbach se oeuvre.

**Annika van der Linde**

**Universiteit van Namibië**

**Universiteit van Stellenbosch**

**Bibliografie**


Atmanspacher, H. & Fach, W. 2005. Acategoriality as mental instability. *The Journal of Mind and Behavior*, 26(3):181–205.

Barad, K. 2007. *Meeting the universe halfway: Quantum physics and the entanglement of matter and meaning*. Durham: Duke University Press.

Barthes, R. 1975. *The pleasure of the text*. Trans. R. Miller. New York: Hill and Wang.

Barthes, R. & Miller, R. 1975. *The pleasure of the text*. New York: Hill and Wang.

Breytenbach, B. 2015. Drinking moon: an illusion of selves. In: Breytenbach, B. (red.). *Parool/Parole: Versamelde toesprake / Collected speeches*. Kaapstad: Penguin Books. 156–173.

Breytenbach, B. 2016. *die na-dood*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Breytenbach, B. 2019. *op weg na kû*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Brink, A.P. 1985. Transgressions: A quantum approach to literary deconstruction. *Journal of Literary Studies*, 1(3):10–26.

Capra, F. 1977. *The Tao of Physics: An exploration of the parallels between modern physics and Eastern mysticism*. Boulder: Shambhala Publications.

De Vries, W. & Breytenbach, B. 2019. “Nogtans word die woorde aan die wind toevertrou”. In: Galloway, F. (red.). *Breyten Breytenbach: Woordenaar woordnar –’n huldiging*. Pretoria: Protea Boekhuis. 11–34.

Diamond, S.A. 2009. Why myths still matter (Part Four): Facing your inner Minotaur and following your Ariadnean thread. *Psychology Today*. Aanlyn beskikbaar by: https://www.psychologytoday.com/intl/blog/evil-deeds/200912/why-myths-still-matter-part-four-facing-your-inner-minotaur-and-following

Govinda, A. 1976. *Creative meditation and multi-dimensional consciousness*. Illinois: Theosophical Publishing House.

Grobler, M. 2015. *Breyten Breytenbach’s “Middle World”: The Middle World as diaspora, identity and consciousness*. MA-verhandeling. Universiteit van Pretoria.

Rabie, J.S. 1956. Ek het jou gemaak. In: De Vries, A.H. (red.). 2005. *Die Afrikaanse kortverhaalboek*. Kaapstad: Human & Rousseau / Tafelberg. 68–71.

Roux, A. 2019a. *op weg na kû* (2019) – Breyten se woordsterf verf werk ontroer. *Stilet*, 31(1):339–343.

Saayman, S. 2009. “Writing is travelling unfolding its own landscape.” A discussion with Breyten Breytenbach on *A Veil of Footsteps*. *Tydskrif vir Letterkunde*, 46(2):201–214.

Sienaert, M. 1993a. Zen-Boeddhistiese selfloosheid as sentrale interteks van die Breytenbach-oeuvre. *Literator*, 14(1):25–46.

Sienaert, M. 1993b. Aspects of contemporary literary theory, Zen-Buddhism and the Breytenbach-oeuvre: An intertextual reading. *Journal of Literary Studies*, 9(2):139–155.

Small, A. 1962. *Kitaar my kruis*. Kaapstad: HAUM.

Viljoen, L. 1988. *Breyten Breytenbach se 'YK': 'n semiotiese ondersoek*. PhD-proefskrif. Universiteit Stellenbosch.

Visagie, A. 2004. Breytenbach and the masculine subject. In: Coullie, J.L. & Jacobs, J.U. (reds.). *Aka Breyten Breytenbach: critical approaches to his writings and paintings*. Amsterdam: Rodopi. 295–327.